**SWEMBELEID**

1. ALGEMEEN

Primêre Skool Universitas se swemafrigters poog om alle swemmers die geleentheid te gee om die swembadfasiliteite by die skool optimaal te benut.

2. OEFENGROEPE

2.1 Swemmers word verdeel in die volgende groepe:

a) Beginners (ongeveer 50 swemmers): 2 x 30min. per week

b) Gemiddelde swemmers (ongeveer 80 swemmers): 2 x 30min. per week

c) Goeie swemmers (ongeveer 30 swemmers): 3 x 30min. per week

d) Gevorderde swemmers (ongeveer 20 swemmers): 3 x 1uur per week

e) Swemspan (ongeveer 20 swemmers): 3 x 1uur per week

3. OEFENTYE

3.1 Daar word van alle swemmers verwag om ten minste 5 minute voor die aanvang van die oefening, buite die swembadarea te wees.

3.2 Geen swemmers word binne die swembadarea toegelaat sonder die toesig van hul onderskeie afrigters nie.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

4. SWEMDRAG

4.1 Dogters in bogenoemde groepe swem met ‘n navy eenstuk en geel swempet met die skoolwapen op.

4.2 Seuns swem in ‘n navy speedo of “jammer” en swem ook met ‘n geel swempet met die skoolwapen op.

4.3 Swembrille is noodsaaklik aangesien daar gereeld chloor in die water gegooi word en die kinders se oë brand.

4.3.1 Leerders moet ook kan sien sodat hulle reguit kan swem en nie aanmekaar stop om te kyk waar hulle swem nie.

4.4 Swemmers wat in die Vrystaat Swemkampioenskappe swemspan is, swem met ‘n navy kostuum en navy swempet met die skoolwapen op.

5. AFRIGTERS

5.1 Afrigters moet korrek in sportdrag geklee wees tydens oefening.

5.2 Sweetpak en tekkies is nie verpligtend nie; ‘n kortbroek en sandale is aanvaarbaar.

5.3 Afrigters verteenwoordig die skool en moet dus ten alle tye die naam van die skool beskerm. Afrigters moet sover moontlik nie met ouers of afrigters/onderwysers van ander skole in alterkasies betrokke raak nie.

6. VRYWARING VAN AFRIGTER

Geen leerlinge word sonder toestemming by die swembad toegelaat nie.

7. AFWESIGHEDE

7.1 Leerlinge moet 'n mondelinge of skriftelike verskoning aanbied by die betrokke afrigter indien hy/sy nie die oefening kan bywoon nie.

7.2 Klubswemmers word nie verplig om by die skool te swem nie.

7.2.1 Hulle word egter ook in ag geneem by die kies van 'n Vrystaat Swemkampioenskappe swemspan.

7.3 Die beste span word gekies om die skool te verteenwoordig, dus word alle swemmers se tye in ag geneem.

8. WATERTEMPERATUUR

8.1 Die watertemperatuur word in ag geneem tydens oefeninge.

8.2 Geen swem mag plaasvind indien die watertemperatuur 19°C of minder is nie.

8.3 Swem moet dadelik gestaak word indien daar weerlig of donderweer is en dit gevaarlik is vir swemmers om in die water te wees.

9. SPANVERKIESING

9.1 Tydens die Tjokkies swemgala word slegs 50m en 100m items geswem.

9.2 Alle items is tydtoetse en die beste tye word in ag geneem vir die kies van 'n swemspan vir die Vrystaat Swemkampioenskappe.

9.3 Aangesien daar slegs 50m en 100m geswem word, word klubswemmers se ander items en beste amptelike klubtye ook in ag geneem vir die kies van die swemspan.

9.4 By die kies van die Vrystaat Swemkampioenskappe span, word die vinnigste tye in ag geneem.

9.5 Die hoeveelheid swemmers per item word bepaal volgens die voorskrifte van die Suid-Vrystaat Swemkomitee.

9.6 Aflosspanne word gekies na gelang van swemmers se tye.

9.6.1 Beste tye word in ag geneem.

9.6.2 Die skool se afrigters bepaal die volgorde wat swemmers in die vryslagaflos asook wisselslagaflos swem.

9.7 Swemmers moet tydens die Tjokkiegala swem om in aanmerking te kom vir die swemspan.

9.8 Indien 'n kind nie swem nie, en 'n geldige mediese sertifikaat toon, kan hy/sy steeds in ag geneem word vir die swemspan.

10. <u>VOLGORDE VAN BELANGRIKE AKTIWITEITE/BYEENKOMSTE</u>

10.1 Selfs al swem 'n leerling by 'n klub, geniet skoolaktiwiteite (bv. Vrystaat Swemkampioenskappe) steeds voorkeur.

10.1.1 Hy/sy mag bv. nie vir hul klub swem as die skool ook 'n span vir 'n gala inskryf nie.

10.2 Byeenkomste wat plaasvind:

- Tjokkies Swemgala
- Intergala met ander skole in die eerste en vierde kwartale
- Vrystaat Swemkampioenskappe (ou Inter-Primêr)
- SA Swemkampioenskappe
- Swem Festival - Pretgala of Tjokkies Blitsgale in die vierde kwartaal

## 11. PRYSUITDELING

11.1 Grondslagfase

11.1.1 Beste Seun- en Dogterswemmer

Die toekenning gaan aan die swemmer, seun en dogter in die GSF, wat die beste presteer tydens die Tjokkies swemgala.

11.2 Intermediêre en Senior Fase

11.2.1 Victor en Victrix Ludorum

Toegeken aan die swemmer, seun en dogter in die IF en SF, wat die beste presteer tydens die Tjokkies swemgala.

11.2.2 Beste Seun- en Dogterswemmer

Toegeken aan die swemmer, seun en dogter, wat die hoogste prestasie behaal tydens die Vrystaat Swemkampioenskappe.

11.3 Erkenning word gegee aan swemmers wat aan die Level 3, SA Junior Nasionale Swemkampioenskappe en/of SA Skole swemkampioenskappe deelneem.

11.3.1 Prestasies wat hier behaal word, word in ag geneem vir die top sporttoekennings tydens die prysuitdeling.

## 12. GEDRAG EN SPORTMANSKAP

12.1 Swemmers wat hulle wangedra, mag verbied word om vir die res van die kwartaal te swem.

12.2 Afrigters verwag goeie gedrag en sportmanskap van alle swemmers.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

13. OUERS/TOESKOUERS

13.1 Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.


13.2 Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien ‘n ouer ‘n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die sporthoof ingedien word (sportnavrae@tjokkies.co.za). Navrae oor logistieke reëlings (bv. byeenkomstye, kleredrag en vervoer) mag egter direk aan die afrigter gerig word.

13.3 Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens wedstryde mag deur die betrokke afrigter, organiseerder, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

13.4 Indien ‘n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

13.5 Geen ouers word binne die swembadarea toegelaat tydens oefening nie. Afrigters het gevind dat veral by die beginners en gevorderde beginners dit baie steurend is en die leerlinge nie hul beste gee nie.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**



Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam